

Universiteit van Pretoria

**HAND 7:48 — ‘DIE ALLERHOOGSTE  
WOON NIE IN  
MENSGEMAAKTE KONSTRUKSIES NIE ...’:  
Die relevansie van die Nuwe-Testamentiese  
wetenskap na aanleiding van die metafoor ‘tempel’**

Prof A G van Aarde

**HAND 7:48 — ‘DIE ALLERHOOGSTE WOON NIE IN  
MENSGEMAAKTE KONSTRUKSIES NIE ...’:  
Die relevansie van die Nuwe-Testamentiese wetenskap  
na aanleiding van die metafoor ‘tempel’**

**Prof A G van Aarde**

Intreerede gelewer op 2 November 1989 by die aanvaarding van die  
Professoraat en Hoofskap van die Departement Nuwe-Testamentiese  
Wetenskap, Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria.

# CURRICULUM VITAE

## PROF A G VAN AARDE

Andries Gideon van Aarde is op 25 April 1951 te Pretoria gebore. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Wonderboom, Pretoria in 1968 waarna hy sy studies aan die Universiteit van Pretoria voortsit en die volgende grade behaal: BA, BD, BA(Hons) in Grieks en Semitiese Tale, MA in Grieks en Semitiese Tale en DD in Nuwe-Testamentiese Wetenskap.

Gedurende 1973 tot 1974 is professor Van Aarde navorsingsassistent; vanaf 1979 tot 1980 tydelik-deeltydse dosent in Grieks en gedurende 1979 tot 1983 hulpdosent in die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap, Fakulteit Teologie, Afdeling A aan die Universiteit van Pretoria. In 1984 word hy tot medeprofessor bevorder; vanaf 1989 tot volle professor en vanaf 1 Julie 1989 tot hoof van genoemde departement.

Professor Van Aarde is vanaf 1975 predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en is tans pastorale hulp in die gemeente Wapadrant te Pretoria. Hy is lid van verskeie kerklike kommissies, rade en vakverenigings, soos die Raad vir Belydenis- en Liturgiese Geskrifte, die Raad vir die Gesprek met die Susterskerke, die Raad vir Bybelvertaling, die Beheerraad van die Tydskrifafdeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk, die Society of Biblical Literature (VSA), die Westar Institute (VSA), die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Patristiese en Bisantynse Studies, en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Algemene Literatuurwetenskap.

Professor Van Aarde is die medeleier van die subgroep Hermeneutiek van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika, redakteur van die vaktydskrif *Hervormde Teologiese Studies*, en sekretaris van die redaksieraad van die vaktydskrif *Neotestamentica*. Hy het reeds verskeie referate voor nasionale en internasionale vakverenigings gelewer: onder andere in 1988 voor die *International meeting* van die Society of Biblical Literature by die Universiteit van Sheffield, Engeland, en die *Colloquium Biblicum Lovaniense* by die Katholieke Universiteit van Leuven, België. In 1984 besoek professor Van Aarde die Universiteit van Chicago, die Georgetown Universiteit in Washington, DC. en in 1986 die Emory Universiteit in Atlanta, die George-August Universiteit in Göttingen, die *Teologische Hochschule* in Berlyn in 1987, asook die Universiteit van Cambridge in 1988. Tydens sy besoek aan die Emory Universiteit, die George-August Universiteit en die Universiteit van

Cambridge, neem professor van Aarde op uitnodiging deel aan 'n seminar aangebied deur die *International Society of New Testament Studies* (SNTS). Hy is mederedakteur van die RGN-navorsingsmetodologiepublikasie *Paradigms and Progress in theology*. Vyftig wetenskaplike artikels en 35 populêr-wetenskaplike artikels het uit sy pen verksyn.

Professor Van Aarde is met Esther (Grobbe) Grobler getroud, en 'n seun en 'n dogter is uit die huwelik gebore.

Graag wens ek vir professor Van Aarde geluk met vanaand se lofwaardige optrede: inderdaad 'n besondere mylpaal – gelukwense wat ek sekerlik ook sowel sy gesin as sy Fakulteit wil laat toekom.

Prof D M Joubert  
VISE-KANSELIER EN REKTOR

## HAND 7:48 — ‘DIE ALLERHOOGSTE WOON NIE IN MENSGEMAAKTE KONSTRUKSIES NIE ...’: Die relevansie van die Nuwe-Testamentiese wetenskap na aanleiding van die metafoor ‘tempel’

*Much of people's efforts to think for themselves lies in their effort to figure out what attitude to take towards those great received metaphors which sum up the wisdom of the past and come ready-made for the use as the wisdom of the present and the future as well. Does one **replace** them, **reject** them without replacing them, accept them while **changing** them, **accept** them without changing them .... the thinking [of Jesus] has to be characterized in all four ways ... (O'Connor & Jimenez 1977:134-135).*

Ek hoor my dikwels self, byvoorbeeld wanneer ek in die erediens in gebed die gemeente voorgaan, verwys na die gemeente se byeenkoms as 'n byeenkoms in die 'huis van die Here'. Die tempel is in Bybelse tye ook dikwels die 'huis van God' genoem (kyk o a Matt 12:34). Baie keer word die enkelterm 'huis' (*bayit* / *οἶκος*) gebruik om 'tempel' (*hēkāl* / *ναός*) te bedoel (kyk o a Luk 11:51; Hand 7:47,49). In die Ou Testament word die woord 'huis' meer kere as die woord 'tempel' gebruik om te verwys na die woonplek van God (Laffey 1988:213). Net soos mense in 'n huis woon, woon God dus ook in 'n huis.

Die Hebraeuse sowel as die Griekse woord vir 'huis' kan ook verder betrekking hê op 'n huishouding. En 'n huishouding bestaan uit mense. Die 'huishouding' as familiale groepering was die mees fundamentele sosiale entiteit in die Israelitiese (kyk Neusner 1987:332) sowel as in die latere Joodse en Grieks-Romeinse samelewing van die eerste-eeuse Mediterreense wêreld (Malina 1981). Só 'n huishouding was 'n ekonomiese eenheid soos byvoorbeeld dié van 'n boer, en het ingesluit sy vrou en kinders, slawe en afhanklike ambagslui. Die een huishouding het na 'n ander uitgereik sodat 'n mens van uitgebreide families kan praat wat in 'n dorpie saam gewoon het. So is 'Israel' inderdaad 'n versameling huisgesinne in 'n omvattende nasionale en religieuse sin van die woord. Die feit dat 'huis' ook 'tempel' kan beteken, is dus 'n manier waarop Bybelskrywers gesê het dat God sy woning by mense gemaak het, en dié mense was Israel as geloofsgemeenskap wat sosiologies bestaan het in terme van familiegroeperinge.

In die Nuwe Testament is daar egter voorbeelde waar die woord 'tempel' of die uitdrukking 'huis van God' 'n figuurlike betekenis verkry het, omdat die fisiese tempelgebou nie meer ter sprake is nie (vgl o a Ef 2:21-22; 1 Pet 2:5; Heb 10:21). Paulus verwys byvoorbeeld na die gelowige se liggaam as die tempel waarin die Gees van God woon en wat die ruimte in oordragtelike sin van die woord is waarin God vereer word (1 Kor 3:16-17; 6:19-20; 2 Kor 6:16). Volgens die Evangelie van Johannes het Jesus die 'tempel van sy liggaam' bedoel toe Hy vir die Jode gesê het: 'Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig' (Joh 2:19-21).

Dit is waarskynlik teen die agtergrond van hierdie selfde tradisie dat Stefanus gesê het dat die Allerhoogste nie in mensgemaakte tempels woon nie (Hand 7:48). Hy was bereid om as martelaar op grond van hierdie woorde te sterf. Dieselfde uitspraak vind ons in die mond van Paulus, soos Lukas die Areopagusrede weergee (Hand 17:24). Lukas het moeite gedoen om Stefanus se rede só oor te vertel dat daar geen twyfel kan bestaan dat Stefanus soos Jesus gesterf het nie.

Hoewel ons geen direkte woorde van Jesus het wat Hy self neergeskryf het nie, is daar konsensus in die moderne ondersoek na die historiese Jesus, die sogenoemde *new quest* wat in die plek van die Bultmannse *no quest* gekom het (kyk Borg 1988), dat Jesus as *Jood* deur die Joodse leiers laat kruisig is as gevolg van sy kritiese houding met betrekking tot die tempel (kyk o a Sanders 1985:75; vgl egter ook Evans 1989; Neusner 1989a; Neusner 1989b).

Een van die radikale uitsprake van Jesus wat met betrekking tot die tempel oorgelewer is, is dié in Matteus 12:6 waarin Hy na Homself verwys het as: 'Hier is een wat groter is as die tempel'. Hiér het Hy as 't ware die tempel, as verwysende na Homself, na die koringland toe gevat want dit is waar Hy en sy volgelingen volgens oorlewering was toe Hy dié uiters uitdagende uitspraak gemaak het. Hiér, tussen die gesaaides, het Hy die ongeoorloofde ding gedoen, naamlik om op die sabbatdag sy honger volgelingen kos te gee. Hy het met 'n beroep op die profeet Hosea (6:6), hierdie barmhartighedsdaad gesien as iets na analogie van die offerdiens wat die priesters op die sabbatdag in die tempel verrig (vgl Patte 1987:168).

Wat hier in verband met die algemene priesterskap van die gelowiges geïmpliseer word, is wat ook elders op verskillende plekke in die Nuwe Testament berig word. So bestempel Paulus byvoorbeeld in Romeine 12:1 die kern van die godsdienst as 'n offerdiens. Hy het egter duidelik nie die diens in die fisiese tempelgebou in gedagte nie.

Romeine 3:21 is waarskynlik die beste voorbeeld dat Paulus die kruisdood van Jesus Christus sien as 'n versoeningsdaad wat dié van die hoëpriester\* in die Allerheiligste vervang het en in die openbaar, in die oop ruimte, op Golgota verrig is (*ὁν προέθετο ὁ θεὸς ἰλαστήριον*). In lyn met die Pauliniese tradisie, in 'n tyd toe die vroegste kerk reeds in 'huisgemeentes' gevestig was en die fisiese tempelgebou in Jerusalem reeds afgebreek was, lees ons in 1 Petrus 2:5 die volgende oproep aan die gelowiges wat verspreid gewoon het in die noordelike streke van Klein-Asië: 'Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is'.

In sulke gevalle sou Adolf Jülicher (in Sellin 1982:368) gesê het dat ons nie meer met iets 'soortgelyks' te make het nie, maar met 'vervanging\*\*'. Dit is soos die geval waar Satan nie meer analogies na aanleiding van 'n draak in ooreenstemming met die primitiewe wêreldbeeld, mitologies voorgestel en met die 'slang van oudsher' in verband gebring word nie (Op 20:2), maar die term 'draak' op sigself Satan vervang het (Op 12:13).

Hierdie voorbeeld bring ons uit by simboliek. In dié verband vind ons in onder andere die boek Openbaring dat die 'tempel' met die uitdrukking 'die heilige stad Jerusalem' (Op 21:10), net soos in onder andere die Ou-Testamentiese boek Nehemia waar Jerusalem soos die tempel 'heilig' genoem word (o a Neh 11:1), metafories in verband gebring word. Die skrywer van Openbaring verwys na die hemelse stad Jerusalem (vgl ook Heb 12:22; 13:14). Hy sê dat hy in die stad nie 'n tempel gesien het nie. Die stad se tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam. Die hele stad is 'n tempel. Daarom kan daar nie 'n tempel in wees nie. Die stad is 'n kubus soos die Allerheiligste van die tempelgebou. Daar sit God en regeer. God en die Lam is die stad se tempel (Botha 1989:382-383).

---

\* Die Brief aan die Hebreërs is dié geskryf in die Nuwe Testament wat Jesus as *hoëpriester* teken. Die skrywer skryf hierdie status van Jesus nie toe aan sy familieverwantskap nie, maar aan die 'ewige orde' van Melgisedek waaraan Jesus deel het. Die skrywer beskou Jesus as tegelykertyd *hoëpriester* en *offer*.

\*\* Hierdie verskil tussen *Substitution* en *Anschaulichkeit* word deur Jülicher toegepas in sy interpretasie van die gelykenisse van Jesus. Hy onderskei in hierdie verband tussen 'n 'gelykenis' en 'n 'allegorie'. Volgens Jülicher is die vorm verskillend. Die element van die 'gelykenis' is die *vergelyking* en dié van die 'allegorie' is die *metafoor*. Beide elemente 'vergelyking' en 'metafoor' berus op *analogie*. Hiermee word bedoel dat daar 'n gemeenskaplikheid tussen die sake bestaan wat óf in 'vergelyking' óf in die 'metafoor' met mekaar in verband gebring word. Die verskil is dat by die 'vergelyking' bestaan die gemeenskaplikheid daaruit dat iets *soortgelyks* formeel by wyse van byvoorbeeld 'n 'soos'-konstruksie langs 'n persoon of saak in verband gebring word. By die 'metafoor' aan die ander kant, word die een saak of persoon deur 'n iets *soortgelyks* *vervang*.

Hierdie simboliese taal is metaforiese spreke oor God. Volgens Harald Weinrich (in Sellin 1982:384) is die semantiese definisie van 'n metafoor net in tekssemantiek moontlik, want 'n definisie van metafoor veronderstel konteks. Die rede hiervoor is dat die subjek en die predikaat wat analogies met mekaar in 'n metafoor in verband gebring word, bymekaar moet pas sodat 'n analogie moontlik is. Dit wil sê, die subjek en die predikaat bepaal mekaar wedersyds semanties. 'Lag' pas byvoorbeeld net by 'n mens. Neem byvoorbeeld die uitdrukking 'die woud slaap' in oënskou. Die natuurlike betrekking tussen die subjek 'woud' en predikaat 'slaap' ontbreek in hierdie metafoor. 'Slaap' pas nie by 'n 'woud' nie. Hierdie uitdrukking sal sinloos bly as dit nie, wat 'n mens kan noem, 'ominterpreteer' kan word nie. Dit is daarom dat Paul Ricoeur meen dat 'n metafoor sin stig. Weinrich praat van die skeppende werk (die *demiurgische Leistung*) van metafore. 'n Metafoor bevraagteken die gebruikelike taalkundige kategorisering en bied tegelykeryd nuwe kategorisering aan. Dit is soos Paul Ricoeur (1975:122-128) meen wat die patroon is waarvolgens gelykenisse werk: dit oriënteer om daarna te disoriënteer met die doel om te reoriënteer. Elders sê Ricoeur (1978:34): 'n metafoor tref altyd as 'n verrassing (kyk ook Du Toit 1984:20). 'n Mens kan ook sê dat 'n goeie metafoor deur middel van 'n skokeffek werk (Hopkins 1989:215). Metafore is beelde van woorde. Volgens Ricoeur skep ons sulke beelde om egte waarneming vas te vang en te beskryf. Iets wat in die bekende kultuur waarneembaar en kenbaar is (die *vehicle*, die *beeldhelfte*), word in taal skeppend en tegelykertyd spannend gekoppel aan iets wat ons indirek of intuïtief aanvoel (die *tenor*, die *saakhelfte*). Sodoende word nuwe betekenis geskep en dit stel ons in staat om weer 'n greep op die werklikheid te kry.

Dit is duidelik dat daar dikwels in die Ou en Nuwe Testament metafories oor die *teenwoordigheid van God* by gelowiges as 'n geloofsgemeenskap na aanleiding van die analogie 'tempel' as 'huis van God' gepraat word. My tese is juis dat 'n tendens wat in hierdie verband in die Ou Testament (en tussen-testamentêre literatuur) waarneembaar is, in die Nuwe Testament metafories verder gevoer is. Dit is naamlik die feit dat die beperkende maatreëls met betrekking tot die toegang tot die fisiese tempelgebou matiger geraak het sodat daar van die tendens van *verruiming* van die tempel gepraat kan word. Hierdie verruimende effek is telkens met behulp van nuwe metafore geskep. Dit het klaarblyklik elke keer 'n sterk skokeffek gehad. 'n Voorbeeld hiervan in die Ou Testament is waarskynlik Jesaja 56:7 waar die tempel 'n huis van gebed' genoem word wat toeganklik is vir nie-Israeliete (en ontmandes – kyk Jes 56:3), wat aan die ander kant beslis volgens onder andere Deuteronomium 23:1-8 verbode was (kyk Rost 1938:151). Dieselfde tendens word aangetref in die profetiese woord in Jesaja 66:1 dat God se teenwoordigheid nie tot die tempel



as gebou beperk kan word nie: 'So sê die Here: Die hemel is my troon en die aarde die rusplek vir my voete. Hoe moet die huis dan wees wat julle vir My bou, die plek waar Ek kan woon?' Net so beskou Psalm 150 nie net die tempelgebou as God se 'huis' nie, maar ook die hemelruim (vgl Loader 1989) waar 'alles wat asem haal, die Here prys' (Ps 150:6).

Hierdie verruimende tendens het wat die Judaïsme betref, egter ook sy grens gehad. So byvoorbeeld het die invloedryke Jood van Aleksandrië en tydenoot van Jesus en Paulus, Philo, Deuteronomium 23:1-8 vergeestelik deur dit te interpreteer asof daar wel ruimte vir nie-Jode bestaan om toegang tot die gemeente (*qāhāl* / ἑκκλησία) te hê, maar alleen as *proseliet* (kyk Berger 1976:189-191) – dit wil sê, 'n nie-Jood moes eers 'n Jood in die biologiese sowel as in die godsdienstige sin van die woord geword het alvorens toegang tot die geloofsgemeenskap en die tempel moontlik was. Bekering tot die Joodse godsdiens was in wese 'n naturalisasieproses (Jeremias 1967:11). Dit wil sê, om as religieus 'rein' en 'regverdig' gereken te word, was die besnydenis en ander eenwordingsaksies met die kulturele Jodedom nodig, soos die hou van die Joodse sabbatdag, kalenders en feeste (vgl Pienaar 1989:6). Lidmaatskap van die geloofsgemeenskap, ofte wel burgerskap van die volk as 'n versameling familiële entiteite, het dus op dieselfde vlak gelê. Sosiale ostrasering het neergekom op die weiering tot die toegang tot die tempel, die plek waar God woon en waar God volgens die godsdienstige oortuiging van die Jode, die sondaar met Homself versoen\*. Vir die Judaïs bestaan daar 'n verband tussen 'heiden' wees en 'sondaar' wees (Bietenhard 1977:1319)\*\*. Die heidene kon die buitehowe van die tempel betree. Geen heiden kon egter in die binnehowe ingaan sonder om hom aan 'n oortreding skuldig te maak wat met die dood strafbaar was nie (Schmithals 1982:198). Die reinheidswette het die toegang tot die tempel gereguleer. In beginsel kon 'n nie-Jood nie aan hierdie reinheidsvoorskrifte voldoen alvorens hy nie eers 'n proseliet geword het nie. Hoewel onreinheid *per se* nie 'n persoon 'n 'sondaar' gemaak het nie, het voortdurende onreinheid dit wel tot gevolg gehad (Sanders 1985:184). Eweneens was dit streng verbode om saam met 'onrein' mense, soos nie-Jode, te eet. In der waarheid was die gemeenskaplike maaltyd vir die Jood die replika

---

\* Volgens Scheffler (1988:75) is ook siekies (veral melaatses en geestelik-versteurdes) net soos die 'sondaars' uit die samelewing geostraseer, omdat hulle siektes probleme vir die handhawing van die 'normale' gemeenskap ingehou het. Nielsen (1979:184) verbind ook die sinagogale ekskommunikasie aan die verbreking van sosiale kontak (vgl ook Pienaar 1989:24).

\*\* 'There was no neat distinction between "religious" and "political" betrayal in first-century Judaism' (Sanders 1985:178).

van die rituele handeling in die tempel\*. Toegang tot die tempel deur iemand soos 'n nie-Jood in die status as nie-Jood, ofte wel in die status van 'sondaar wees', was ondenkbaar.

Hierdie grens, met verwysing na die woorde van profete, is egter in die Jesus-gebeure oorgesteek. Die tendens van *verruiming* is verder gevoer en nuwe metafore, voortbouend op dié in die Ou Testament, is geskep.

Die nuwe metafore waarin die begrip 'tempel' met God se teenwoordigheid in verband gebring word, is myns insiens onder andere een van die belangrikste redes waarom die sinagoge met die vroegste Christendom gebreek het. Ons kan die 'tempel' inderdaad een van die *grondmetafore* noem ten opsigte waarvan ons die uniekheid van die vroegste Christendom kan beskryf.

Hierdie metaforiese spreke na aanleiding van die 'tempel' in die Nuwe Testament geld ook sekere toebehore van die tempel. Vroeër in my rede het ek daarop gewys hoe die tempelpersoneel in die persone van die priesterskap uitgebrei is sodat nie meer net sekere uit die familie van Levi of Aäron hierdie diens mag verrig het nie. Jesus self, afkomstig uit die familie van Juda, het volgens Matteus sy barmhartigheid op die koringland as 'n offerdiens na analogie van die priesters se diens in die tempel gesien (vgl ook Op 1:6 naas 1 Pet 2:5). Ook ander toebehore van die tempel het as metafore met nuwe verwysings begin funksioneer: byvoorbeeld die altaar\*\* (Heb 13:10), die offers (o a Rom 12:1; Fil 4:18; Ef 5:2; Heb 9:26; 13:16), 'n offergawe (Ef 5:2), die toonbrode (kyk die analogie tussen die eet van die toonbrode in die tempel deur die priesters en die eet van die koring deur die dissipels in die koringland – Matt 12:1-8), 'n pilaar in die tempel (Op 3:12), die versoendeksel (Rom 3:25), die gerubs wat die heerlijkheid van God voorstel (Heb 9:5), en ook die voorhangsel (Ef 2:14; Heb 6:19; 10:20). Al hierdie voorbeelde het betrekking op oordragtelike betekenis van die tempel en dié se toebehore. Daar is geleerdes wat hierna verwys as die 'vergeesteliking' van die tempel (kyk Laffey 1988:209-214).

Bogenoemde tipe spreke noem ek gewoonweg metaforiese spreke, ofte wel analogiese spreke. Ek is egter nie as sodanig geïnteresseerd in wat taalkundig

---

\* '... in classical Judaism the table at which meals were eaten was regarded as the equivalent of the sacred altar in the Temple. Judaism taught that each Jew before eating had to attain the same state of ritual purity as the priest in the sacred act of making a sacrifice' (Neusner 1974:47).

\*\* Die Targum op Jes 5:2 interpreteer die verwysing van die profeet na 'n wingerd en die vernieling daarvan as 'n profesie met betrekking tot die verwoesting van die tempel. Die toring in die wingerd word in *t. Me'il.* 1:16 en in *t. Sukk.* 3:15 eksplisiet die 'tempel' genoem en die parskuip die 'altaar' (kyk Evans 1989:240).

die korrekte definisie van 'n metafoor is nie. Wat wel belangrik is om te onthou, is dat 'n metafoor meer kan wees as 'n enkele woord; dit is in elk geval altyd 'n segging. En 'n segging kan enkelvoudig wees of uitgebreid, soos byvoorbeeld 'n gelykenis van Jesus. Volgens Ricoeur (kyk Du Toit 1984:12) is metaforisiteit 'n diskoersverskynsel. 'Die metafoor is eie aan ons gesprekstaal, trouens, taal op sigself kan metafories gesien word omdat ons voortdurend assosieer en een ding in terme van 'n ander sien' (Du Toit 1984:12). Baie simplisties gesien, is 'n metafoor om een ding te sien as iets anders, om voor te gee dat *hierdie* is *daardie*, omdat ons nie eintlik weet hoe om oor *hierdie* te praat nie en daarom maak ons van *daardie* gebruik om oor *hierdie* te praat. Metaforiese taalgebruik is om voor te gee dat daar 'n ooreenkoms bestaan tussen twee verskillende 'objekte', sake, gebeure of wat ook al waarvan ons van die een meer weet as van die ander sodat ons as 'n wyse van spreke gebruik maak van die een waarvan ons meer weet, om iets meer te sê van die een van wie ons minder weet (kyk McFague 1983:15; Soskice 1985:15).

Metaforisiteit het duidelik groot implikasies vir die kenteorie, ofte wel die wetenskapteorie. Dit geld derhalwe ook vir teologiese teorievorming. Teologie sonder metafore is eintlik nie moontlik nie. Wat weet ons van God anders as by wyse van om analogiese spreke oor God te ken? Teologie is derhalwe ook 'n beskeie wetenskap. Ons het juis gesê dat omrede ons min van iets (die *Ding an sich*, ofte wel die *noumenon* in Kantiaanse terme) weet dat ons na aanleiding van iets waarvan ons 'n bietjie meer weet (die *Erscheinung*, ofte wel die *phenomenon*) sinvol daarvoor kan praat.

Dit is eers weer deesdae dat teologie sy hand oorspeel deur op elke vraagstuk 'n antwoord te probeer gee. Dink maar net aan die opspraakwekkende boek van die Nederlandse etikus, Harry Kuitert (1986), met die titel: *Alles is politiek, maar politiek is niet alles: Een theologisch perspectief op geloof en politiek\**. Willem Vorster (1988:919) som Kuitert se weersin teen die verpolitisering van die kerk, geloof en teologie soos volg op:

... politiek (het) twee komponente, naamlik *ideale* en die verwesenliking daarvan deur die werf van *mag*. Dit het betrekking op sowel politieke as maatskaplike kwessies. Teologie daarenteen is nie 'n politieke teorie nie en teoloë is nie bevoeg om vanuit die teologie politieke en maatskaplike vraagstukke aan te spreek nie omdat teologie hulle nie daarvoor toerus nie. Teologie kan dit nie wees nie omdat dit 'n universitêre dissipline is waarin menslike

---

\* Hierdie boek van Kuitert was die teologiese boek in Nederland waarvan daar in 1985 die meeste eksemplare verkoop is. Die boek is in 1985 vir die eerste keer uitgegee en dit het in 1986 reeds sy vierde druk beleef (vgl die kritiese bespreking daarvan deur Vorster 1988:917-933).

uitsprake oor God en sy heil gemaak word, hierdie uitsprake getoets word en nuwe uitsprake hieroor gemaak word wat waarheidsgetrou moet wees. Teologie gaan om 'n 'predik-ontwerp', dit wil sê, wat oor die heil van God gepreek moet word op voorwaarde dat die waarheidgehalte daarvan weer getoets word. Juis in die lig hiervan kan teologie nooit 'n teorie vir praxis wees nie omdat teologie nie verklarings soek vir politieke of maatskaplike probleme nie. Omdat die instrumentarium daarvoor in die teologie ontbreek, kan die teologie nie sodanige probleme deurgrond nie.

Wanneer 'n mens die stroom van kritiek teen die standpunt van Kuitert in ag neem, is dit myns insiens duidelik dat ons die wending wat Immanuel Kant in die agtiende eeu gebring het, vergeet het. Kant het die onkritiese aanvaarding van die mens se kenvermoëns 'dogmatisme' genoem (kyk Dreyer [1974]:120). Die oortuiging dat kennis van God bó die menslike begrip is, is deur die werk van Kant versterk (kyk Hopper 1987:55). In sy voorwoord tot sy kritiek op die spekulatiewe en natuurlike teologie het Kant gesê dat hy dit juis nodig gevind het om kennis te ontken om sodoende ruimte vir *geloof* te maak (kyk Hopper 1987:54).

Hoewel Kant deur baie vandag uit die oog verloor word, is hy tog in 'n baie groot mate die bron van moderne teologie. Dit raak die hedendaagse klem op die rol wat *metafore* in die teologie vervul en die klem op die *daad* van die godsdienstige mens soos dit byvoorbeeld in die teorievorming van teoloë ten opsigte van etiese handeling op die terrein van die sosio- en eko-politiek vorendag kom (vgl egter Clements 1987:23 in hierdie verband oor Schleiermacher se kritiek op JG Fichte [1762-1814] wat met 'n beroep op Kant, godsdien wou laat opgaan in *morele aktiwiteit*). Voor Kant (en daarna vir diegene wat die Kantiaanse wending nie ondervind het nie) is die openbaring van God dikwels gesien as iets wat by wyse van proposisies, ofte wel dogmas, geken kan word. Dit is omdat gemeen is dat God op 'n wonderbaarlike wyse absolute en objektivistiese dogmatiese waarhede geopenbaar het. Hoewel Kant nie weg gedoen het met die konsep 'proposisionele waarhede' nie, het hy die aard van die kenteorie in die teologie aan Europese en later Noord-Amerikaanse universiteite radikaal verander. Waarskynlik kan 'n mens met stelligheid beweer dat sedert Kant het die insig vir belangrike invloedryke teoloë, soos onder andere Friedrich Schleiermacher, Karl Barth en Rudolf Bultmann, deurgebreek dat teologiese uitsprake in 'n sekere sin altyd 'simboliese' spreke is (kyk Hopper 1987:56). Natuurlik het die skolastiek bly

voortbestaan en word die teologie in sekere kringe steeds in terme van absolute en objektivistiese proposisies beoefen.

Ons het die naam genoem van Friedrich Schleiermacher. Wat hierdie man in verband met Frederick die Grote, die inspirerende krag agter die opstel van die Heidelbergse Kategismus, opgemerk het, het Karl Barth ([1952] 1972:425) op Schleiermacher self van toepassing gemaak: 'Iemand is groot, nie omdat hy met 'n skool begin het nie, maar met 'n era!' Vir Barth (1972:425) is dit 'n 'historiese waarheid' dat Schleiermacher die kerkvader van die negentiende eeu genoem kan word. Wie anders staan in die moderne era daarvoor bekend dat hy die godsdienstveragters aan byvoorbeeld die universiteite so skerp aangespreek het as juis Schleiermacher? Alle biografieë wat ek oor Schleiermacher gelees het (kyk by Clements 1987:17-18), beklemtoon sy lees en herlees van Immanuel Kant.

Daar is teenswoordig weer 'n gees op universiteite en wetenskaplike instellings vaardig om verkleinerend oor die geesteswetenskappe en die teologie as wetenskap in die besonder te praat. Selfs by baie en invloedryke teoloë vandag is 'n antimetafisiese tendens aanvuibaar (kyk Berger 1977). Oor die algemeen gesien, het die gees van materialisme die houding oor wat wetenskap en wat wetenskaplike navorsing vandag is, geweldig sterk beïnvloed. Daar is ook heelwat voorbeelde van misnoë oor hierdie oorbeklemtoning van megategnikaliteit en die ekonomie ten koste van die geesteswetenskappe. Onlangs skryf die Nederlandse teoloog, De Vries (1988:21): 'Het aanstootgevende daarvan zou zijn dat het typisch Nederlandse [maar dit is baie beslis ook op Suid-Afrika van toepassing – AG v A] evenwicht tussen “de dominee”, “de schoolmeester” en “de koopman” zou verstoren ten gunste van de laatste'. Hierdie wanbalans het die implikasie dat baie teoloë hulle relevant wil maak deur aktief te raak by aksies waar hulle myns insiens moes uitgebly het.

Wetenskapsteories het die eis om relevansie, om werklikheidsbetrokkenheid, om gemeenskapsdiens só op die voorgrond getree – en tereg ook – dat *relevansie* op een of ander wyse deel geword het van die reeks kriteria waaraan die wetenskaplikheid van teologie gemeet word (kyk Peters 1987:298). Die antimetafisiese tendens van die 'godsdienstveragters' (soms selfs foutiewelik met 'n beroep op Kant se onderskeid tussen die 'teoretiese rede' en die 'praktiese rede') het sodanig deurgewerk dat baie teoloë hulle aktiwiteit laat opgaan in die sosio- en eko-politiek. Daarom word daar gepraat van 'kontekstuele teologie', ofte wel 'samelewingsteologie', en in die Engels as *doing theology*. Dit is waar dat alle teologie in 'n sekere sin 'kontekstuele teologie' is. Ek verwys egter in die besonder na teologieë soos die bevrydingsteologie en volksteologie,

dit wil sê teologie ten dienste van die *selfhandhawing* van die mens en kategorieë van mense in die samelewing. Die teologie kan in hierdie proses sy eiesoortigheid en selfstandigheid verloor. Die gevolg daarvan vandag is dat die kerk 'n onsekerheids- en identiteitskrisis beleef, want wie is nou reg en aan wie se kant is God dan? Sonder dat ek ooit myself sal wil sien as iemand wat reken dat die kerk nie relevant vir die samelewing moet wees nie, wys ek op twee probleme in hierdie verband.

Dit is nie onbekend nie dat baie teoloë vandag onbetrokke is by plaaslike gemeente-aktiwiteite, ampswerk en prediking. Dit kan ook natuurlik die gevolg wees van bepaalde kerklike strukture of dit kan selfs die kerkleiding se skuld wees. Hierop gaan ek nie nou in nie. Baie van hierdie kerklik onbetrokke teoloë is maar soos die ander intellektueles wat Schleiermacher op een en dertigjarige ouderdom as predikant in Berlyn in 1799 die 'sogenoemde godsdienstsveragters' genoem het (kyk Schleiermacher, in Clements 1987:66-76). Eintlik moet ons vandag praat van die 'kerkveragters'. Hoe dit ook al sy, dit is opvallend hoeveel van hierdie teoloë vandag die tyd en energie vind om sterk betrokke te raak by die politiek en hoe dikwels openbare opiniemakers morele aktiwiteit as godsdienstige aktiwiteit ophemel, maar self totaal onbetrokke by die werk van die kerk is. Aan die ander kant is daar predikante, dit wil sê kerklik betrokkenes, wat met 'n heilige ywer die evangelie oor die Gestuurde van die gans-andere God gebruik om politieke mag te verkry en te handhaaf en die evangelie aanwend as propagandamateriaal ter bevordering van nasionaal-ideologiese doelwitte.

Die tweede saak waarna ek in hierdie verband wil verwys, is 'n opvatting wat baie algemeen voorkom. Mense meen om buite die geloofsgemeenskap en buite die preekervaring om, God in die natuur te ontmoet. Met 'n beroep op die metaforiese taal oor God se teenwoordigheid in sy tempel wat volgens Psalm 150 die hemelruim is, word die ontmoeting met God in die natuur as 'n Bybelse moontlikheid geag (kyk Loader 1989). Dit is egter onduidelik of só 'n opvatting daarop sou neerkom dat die 'ontmoeting met God' wat hier bedoel word, betrekking sou kan hê op die 'versoening met God'. Indien wel, sou dit volgens my insig beslis nie in lyn wees met die kerugmatiese tradisie in die Nuwe-Testamentiese en Patristiese literatuur in hierdie verband nie\*.

---

\* In apokaliptiese tekste in die Ou Testament, soos Jes 27:9 en Dan 9:24, is daar wel sprake van 'n versoeningshandeling sonder dat dit soseer betrekking het op die kultiese offerritueel in die tempel. Die persoon van die 'middelaarsfiguur' kom nou na vore. Ook die versoeningsdood van die 'Kneg van die Here' waarna Jes 53 verwys, vind buite die tempel om plaas. Breytenbach (1989:200-201) toon aan dat die voorstelling op vele plekke in die tussen-testamentêre literatuur gevind kan word dat sondeverginis buite die tempelkultus kan plaasvind. Wat ek eerder betoeg, is dat versoening steeds voorgestel word in terme van die analogiese spreke oor God se inwoning by die mense. Die metafoor 'tempel' het nou nuwe artikulasie gekry, maar is nie laat vaar nie. Byvoorbeeld, die kerugmatiese tradisie het vir Paulus die 'bediening van die versoening' geword (kyk 2 Kor 5:18-21).

Die teologie móét relevant wees, ook op onder andere die gebied van die sosio- en eko-politiek. Daar is geen twyfel aan nie dat die teologie as wetenskap vandag werklikheidsbetrokkenheid vereis. Daar is egter 'n kenteoretiese vraag wat teoloë eers vooraf behoort te beantwoord. En dit is naamlik die vraag: hoe kenbaar is die metafisiese wêreld en op watter wyse is dit wat teologies kenbaar en denkbaar (vgl Oberholzer 1989:438-439) is, op die fisiese werklikheid van toepassing?

Wetenskaplike kennis het ongetwyfeld met die rede en met waarneming te doen. Kant het egter oortuigend geredeneer dat die mens (as subjek) die werklikheid (as objek) nie ken soos dit in sigself bestaan nie. Die werklikheid word geken soos dit aan die kennende gees verskyn. Kennis is daarom altyd die resultaat van die bewussyn se verwerking van die empiriese gegewens (vgl Dreyer 1989:343). Kennis bevat dus die elemente van rede en ervaring en is as sodanig sekuur. In die periode voor Kant (en Schleiermacher) is daar gemeen dat die metafisiese werklikheid in sigself geken kan word. Kant se eie interpretasie van menslike ervaring is dat die bowesintuïglike werklikheid nie geken kan word nie, behalwe as by wyse van analogiese spreke of metaforiese taal. Hiervolgens is teologie dus nie sonder metafore moontlik nie. Maar dit is ook juis die rede waarom teoloë in hulle teorieë oor die funksionele aard van God se teenwoordigheid by sy skepping nie in terme van absolute en ewigdurende proposisies moet dink nie. Verdraagsaamheid en beskeidenheid pas by die teologie.

Metaforiese taal is altyd oop en relatief (McFague 1983:13; Brümmer 1989:215; Hopkins 1989:215), en daarom voorlopig. Omdat God nooit vasgevang kan word in menslike konsepte nie, bevat metaforiese taal oor God (maar ook metaforiese taal oor enigiets anders) altyd die fluistering 'dit is en *dit is nie*'. Die metafoor 'God woon in die tempel' stig inderdaad sin, maar is ook onsin. In hierdie verband kan ons ons maar net aan die tempelrede van Jeremia (7:1-15) herinner en aan die woorde van Stefanus en Paulus in onderskeidelik Handeling 7:48 en 17:24: 'Die Allerhoogste woon nie in mensgemaakte konstruksies nie'.

Die bewustelike gebruikmaking van metaforisiteit in teologiese teorievorming skep die moontlikheid dat die teologie deurentyd werklikheidsbetrokke kan wees. Metafore kan immers verander terwyl die inhoud daarvan saaklik dieselfde kan bly. Aan die ander kant, metafore kan in opeenvolgende tye gehandhaaf word terwyl die verwysing daarvan radikaal kan verander. Die metafoor 'tempel' is 'n voorbeeld van laasgenoemde. Die skokeffek wat veroorsaak is as gevolg van die bepaalde *verruimende* betekenis van die nuwe

metafore in die Nuwe Testament oor hoe God in die tempel woon, het ernstige konflik tussen die sinagoge en die kerk gedurende die eerste jare van die vroegste Christendom meegebring. Tempel as metafoor met nuwe verwysings het saam met ander metafore as uitdrukking gedien van die uniekheid van die vroegste Christendom in onderskeid met die eerste-eeuse Judaïsme. Hierdie selfde metafoor bevat egter ook die openheid om God in nuwe tye, ook vandag, by wyse van nuwe analogiese spreke sinvol en relevant te ken. Dié in die Nuwe Testament dien as die grondmetafoor, ofte wel as die basismodel.

Die sistematiese teoloog (wat vanuit 'n post-moderne, feministiese maar Protestantse perspektief wil werk) Sallie McFague (kyk Hopkins 1989:215), bestempel metafore wat 'blywende krag' het, as basismetafore of modelle. Sulke grondmetafore\* kan dien om 'n kompleks van metafore in dieselfde verwysingsveld te groepeer en te verstaan. 'n Voorbeeld van só 'n Bybelse grondmetafoor met blywende krag is om God sinvol te ken na aanleiding van ons ervaring in die lewe van die gesin: God is ons Vader, Jesus is sy unieke Seun en ons kan in die geloof op grond van die inwoning van God se Gees, aan dié 'seunskap' deelkry met die gevolg dat ons kinders van God en broers en susters van mekaar word. Ook die metafoor 'tempel' word met die gemeente as 'huisgesin van God' in verband gebring waarin Jood en nie-Jood geakkommodeer word (Ef 2:11-22). Daarom kan die genoemde voorbeelde met betrekking tot die tempel en dié se toebehoore insgelyks gesien word as só 'n groepering van metafore wat as basis vir 'n teologiese model kan dien.

Dit is in hierdie verband dat ek daarom na die metaforiese taal in die Nuwe Testament oor God se teenwoordigheid na aanleiding van die konsep 'tempel' verwys as 'n *grondmetafoor*. David Tracy (1981:108; vgl ook o.a. Peters 1987:300), die sistematiese teoloog van Chicago, verwys na die Bybel in hierdie verband as die *klassieke model*. Klassieke werke het permanente betekenis.

Ek sal nog verder gaan en op 'n reformatoriese wyse die Nuwe Testament beskou as die 'kennisbron' van die verhouding tussen God en sy skepping. Die verhouding van God met die volk Israel is intertekstueel betrek in die Nuwe-Testamentiese getuienis oor hoe God in en deur Jesus Christus die mens met Homself versoen het, en daarom is die Ou Testament deel van dié kennisbron. Natuurlik is enige buite-Bybelse teks (of artefak) wat lig op die Nuwe Testament kan werp, van wetenskaplike belang.

---

\* Die term 'grondmetafoor' het McFague (1983:201 n 27) in die werk van Stephen Pepper gevind. Pepper het dit gedefinieer as: 'a root-metaphor is the most basic assumption about the nature of the world or experience that we can make when we try to give a description of it' (kyk McFague 1983:28).



Literatuur oor die rol wat metaforisiteit in teologiese teorievorming inneem, het die afgelope dekade sterk toegeneem. 'n Mens kan amper sê dat dit reeds in hierdie kort tyd al onoorsigtelik geword het (kyk o a die literatuurverwysings in Brümmer 1989:213 n 1). 'n Bepaalde saak in die geraadpleegde literatuur val my egter op wat vir my onmiddellike doelwit van belang is. Dit is naamlik die korrelasie wat daar bestaan tussen metaforiese taal oor God en die *eksistensie van die mens*.

Ons behoort altyd in gedagte te hou dat wat 'n mens oor God sê, 'n getuienis is van 'n relasionele verhouding tussen God en mens. Teologie (wat Brümmer 1989:222 *god-talk* noem) het direk te doen met die wyse waarop mense hulle in verhouding met God sien. Metaforiese taal oor God toon aan hoe mense *coram Deo*, ofte wel in die *teenwoordigheid van God*, lewe. As ons byvoorbeeld God 'n rots noem, sê ons eintlik daardeur dat ons op God kan vertrou. Metaforiese taal oor God is wat Schleiermacher (kyk Klemm 1986:8-9) in 'n effens ander verband *reflektiewe taal* noem.

Schleiermacher praat ook van 'n *responderende ervaring* as verduideliking van wat hy met sy baie bekende begrip 'die gevoel van absolute afhanklikheid' (*das schlechtinnige Abhängigkeitsgefühl*) bedoel (kyk Venter 1989:17-27). Dit is 'n ervaring wat bestaan in terme van die menslike selfbewussyn van om van God afhanklik te wees (*gotgläubigen Selbstbewusstseins*). Die gelowige bestaan eger nie individualisties geïsoleerd in absolute afhanklikheid voor God nie. Schleiermacher (kyk Clements 1987: 38) het die gelowige mens in die teenwoordigheid van God gesien as altyd in verhouding met die geloofsgemeenskap. Die 'gevoel van absolute afhanklikheid' kan alleen gekommunikeer word deur die ervaring van die gemeenskap van die gelowiges. Hierdie taalgebeure is egter nie primêr teologiese taal as wetenskaplike taal nie. In die teologie as wetenskaplike onderneming word die bestaan van die mens voor God nie ontsluit nie. Teologie as wetenskap is hoogstens diensbaar vir hierdie ontsluiting. Metaforisiteit in teologievorming bied 'n soort operasionele basis vanwaar hierdie diens gelewer kan word. Die reflektiewe taalgebeure waardeur die bestaan van die mens voor God ontsluit word, vind vir Schleiermacher plaas in die preekgebeure.

Hierdie uitspraak maak meteen vir my ook die aard van die werklikheidsbetrokkenheid van die teologie as wetenskap duidelik. Dit verklaar ook Schleiermacher (kyk De Vries 1987:13) se woorde dat om bedienaar van die Goddelike Woord te wees vir hom van meer waarde is as sy posisie van professor in die teologie. Dit het egter nie ingehou dat die akademie vir hom onbelangrik was nie. Inteendeel, hy het 'n leidengewende rol in die

universiteitswese vervul as deel van die program van die Pruisiese hernuwing. In 1810, twee jaar na die heropening van die Universiteit van Berlyn ná die Napoleontiese inval, het hy dekaan van die Fakulteit Teologie geword en in 1815, rektor van die Universiteit (kyk Clements 1987: 29). Sedert 1790 toe hy predikant in Berlyn was en later as professor in die hermeneutiek, etiek en filosofiese dialektiek aan die Universiteit van Halle en later aan die Universiteit van Berlyn, het hy as oorwerkte professor tot en met sy dood in 1834 feitlik elke Sondag, en soms twee keer op 'n Sondag, die kansel bestyg (kyk De Vries 1987:13). Karl Barth skryf in sy boek oor die Protestantse teologie in die negentiende eeu onder andere soos volg oor Schleiermacher: 'Ons moet nie die feit vergeet dat Schleiermacher een van daardie teoloë was wat nie die gewoonte gehad het om hulle van die mees moeilike en beslissende posisie waarin 'n teoloog hom kan bevind, gedistansieer het nie .... Ek verwys na die posisie van die mens op die kansel. Schleiermacher het hierdie mees blootgestelde posisie nie net nie vermy nie, maar hy het die inderdaad gesoek - dwarsdeur sy lewe. Hy het dit gesoek met entoesiasme .... en laat ek dit bysê: nie met buitengewone sukses nie .... in ooreenstemming met die gesonde reformatoriese tradisie van waaruit hy kom, het Schleiermacher die *Kirchenregiment*, vir wie die teologie die premisse verskaf, gesien as bestaande in sy essensie uit die predikantsamp ....' Aldus Karl Barth (1972: 430; my vertaling). In sy boek wat spesifiek oor die teologie van Schleiermacher handel, sê Barth die volgende oor die dood van Schleiermacher: 'Hy het sy laaste groot preek op Sondag 26 Januarie 1934 gehou en sy laaste oggendoordenking op 2 Februarie van dieselfde jaar. Hy het sy laaste lesing gehou op Donderdag 6 Februarie en siek geword op Vrydag die 7de en gesterf op Woensdag 22 Februarie 1934. "Hy het doseer en gepreek totdat sy stem nie meer kon nie", het die filosoof [Heinrich] Steffens by sy begrafnis gesê' (Barth 1982:3; my vertaling).

Teologie is voorarbeid. Die Bybelwetenskap is nog in 'n verdere sin vooraf voorarbeid. Die teologie word eers dan betrokke in die werklikheid, is met ander woorde eers dan eties van belang, nadat die bestaan van die mens voor God primêr in die preekervaring ontsluit is. Die eerste arbeid het met die teologie as wetenskap te doen (*Wissen*), die laaste met die etiese pragmatiek in die lewenswerklikheid (*Tun*) en dié twee aktiwiteite word begelei deur die ervaring van absolute afhanklikheid van God (*das schlechthinige Abhängigkeitsgefühl*) (kyk Klemm 1986:9 i v m Schleiermacher). Hiedie ervaring word in die preekervaring deur middel van reflektiewe taal ontsluit. Die werklikheidsbetrokkenheid van die teologie geskied dus via die preekervaring. Die Bybelwetenskap identifiseer die *grondmetafore* waarop die ander teologiese dissiplines voortbou. Die predikant gebruik die resultate hiervan en

op grond van sy eie responderende arbeid stel hy/sy hom/haar op die kansel só bloot dat die geloofsgemeenskap saam met hom/haar één word met God, in en deur die evangelie van Jesus Christus – dit wil sê, in die woorde van Efesiërs 2:19, 21-22, dat die gemeente wat die ‘huishouding van God’ is, opgebou kan word as ‘n heilige tempel in die Here – ‘n geestelike huis waarin God woon.

Ons het vroeër in die rede daarop gewys dat metaforiese taal oor God ‘n getuienis is van hoe mense in die teenwoordigheid van God lewe. Wat is die *basis* van die kompleks van metafore in die Nuwe Testament rondom die grondmetafoer ‘tempel’ wat, as dit saamgegroeper word, as ‘n *model* kan dien waarop sistematiese teoloë voort kan bou sodat dit vir die preekgebeure diensbaar kan wees? Ek gaan ten slotte hierop kortliks ‘n antwoord probeer gee. Die antwoord vind ek in *die korrelasie tussen die analogiese spreke dat God in ‘n huis by mense woon en die eksistensie van gelowiges wat in die huis met mekaar kommunikeer*, nie sodat hulle mekaar kan verstaan en liefhê nie maar *omdat* hulle mekaar liefhet en verstaan. Kerk en wêreld val nêrens elders so saam as in die huis nie Waar kan kinderlike sekerheid, selfopofferende liefde en selfverloënende vergifnis in hierdie wêreld só ‘n werklikheid word anders as in die huisgesin? Maar die wêreld is ook paradoksaal in die huis aanwesig!

Die aard en die lengte van die rede laat ons egter nie toe om in veel besonderhede in te gaan nie. Ek is wel van oortuiging dat daar opwindende en aktuele navorsingsmoontlikhede in hierdie probleemstelling geleë is. Verder meen ek dat die voorbeeld wat ons hier in oënskou neem, as ‘n aanduiding kan dien hoe ek as professor in die Nuwe-Testamentiese wetenskap die aard van my navorsings- en onderrigprogram sien en op watter wyse ek meen om teorie en praktyk in die Nuwe-Testamentiese wetenskap bymekaar uit te bring.

Hoewel die tempel ‘n fisiese gebou was, was dit ook ‘n teologiese konstruksie. Dit het nie net die tempel van Salomo gegeld nie, maar ook die tempel van Serubbabel en die tempel wat Herodes die Grote in die tyd van Jesus laat herbou het. Na die vernietiging van die tempel van Salomo idealiseer die profeet Esegïël ‘n nuwe tempel. Maar steeds het ook hy sy voorbehoud oor die reg van toegang gehad: ‘So sê die Here my God: “Geen eerlose, onbesnede uitlander mag in my heiligdom kom nie, nie een van al die uitlanders wat tussen die Israëliete woon nie”’ (Eseg 44: 9). In Tritto-Jesaja word egter voorsien dat hierdie beperking ophef kan word (Jes 56:3, 7) en dat God se teenwoordigheid nie tot die inwoning in die tempel beperk kan word nie

(Jes 66:1). In die tweede tempelperiode is daar inderdaad begin met 'n proses van geestelike bouwerk wat ek die teologiese *verruiming* van die tempel noem.

Dit kan aan die begin onder andere daarin gesien word dat in Nehemia se tyd die tempelpersoneel opdrag kry om ook die herboude mure van Jerusalem te wy, so asof die heiligdom verruim geraak het. Die stad word gevolglik, na analogie van die teenwoordigheid van die heilige God (Lev 11:44) 'heilig' genoem. Hierdie verruiming hou ook verband met ander gedeeltes in die boek Nehemia, maar ook in ander dele van die Kronistiese vertellings, waar daar ten opsigte van die konstituering van die volksvergadering (onthou dis terselfdertyd 'n religieuse geloofsgemeenskap) begin is om van die eksklusiwiteit prys te gee (kyk Rost 1938:31). Vrouens en kinders word nou in die volksvergadering ingesluit (Esra 10:1; Neh 8:2-17; vgl ook Jer 44:15). In die tussen-testamentêre literatuur is daar verder heelwat opmerkings oor hoe die mens met God versoen kan word buite die tempelkultus om (kyk Breytenbach 1989:199-201).

In die tyd van die Nuwe Testament het diegene wat die toegang tot die tempel beheer het, egter baie streng in terme van die tempelkultus en ook sterk eksklusief gehandel. Met kennisgewingbordjies is die sosiaal-veragtes met die doodstraf uit die tempel geweer\*. Wat Jesus aan die ander kant betref, word sekere verwysings in hierdie verband nie altyd genoegsaam na waarde geag nie. So byvoorbeeld vertel Matteus nie net van die skeur van die *voorhangsel van die tempel* (Matt 27:51) en die geloofsbelofte van 'n nie-Jood (Matt 27:54) na aanleiding daarvan nie. Matteus vertel ook dat Jesus sogenaamde 'onrein mense', soos blindes en kreupeles *in die tempel* gesond gemaak het (Matt 21:14) en dat kinders *in die tempel* (Matt 21:15) Hom as die Seun van Dawid geloof het. Jesus se bemoeienis met die 'sondaars' kan verder daarin gesien word dat Hy saam met hulle geëet het (vgl Luk 7:36-50). Hiermee het hy sy standpunt oor wie Hy reken toegang tot die tempel het, baie duidelik gemaak. Ons het juis vroeër daarop gewys dat die voorskrifte rakende reinheid by die gemeenskaplike maaltyd, dit wil sê die akkommodering in die huishouding, dieselfde was as dié wat gegeld het om toegang tot die tempel te reël. Jesus se weiering om aan dié voorskrifte te voldoen (kyk Luk 11:38) vertel dus iets van sy houding teenoor dié voorbehoud. Dit sê eintlik iets oor hoe Hy God se teenwoordigheid by die huishouding sien. Dit getuig van sy oortuiging dat God, in teenstelling met Judaïsme, 'sondaars' onvoorwaardelik aanvaar nog voordat hulle berou toon (kyk Scheffler 1988:69-70; vgl ook bl

---

\* Van Selms (1969:171) bespreek die kennisgewingborde wat argeoloë opgegrawe het en wat die onreines soos die nie-Jode, maar ook die vrouens en die kinders, verbied het om verby hulle onderskeie voorhewe te gaan.

74, 99, 103, 106). Volgens Conzelmann (1987:183) het Lukas die houding van Jesus verstaan asof die tempel vir Hom 'n eenheid was sonder die verskillende voorhewe. Lukas vertel ook dat Paulus se heidensending deur die Joodse leiers gesien is as 'n aanval op die tempel in lyn met Jesus se kritiese houding. Paulus word juis volgens Lukas se weergawe in Handeling 21:28 daarvan beskuldig dat hy heidene in die tempel sou toegelaat het (Hand 21:28).

Die oorlewering wat waarskynlik in verband met Jesus en die tempel die meeste indruk op die skrywers van die Nuwe-Testamentiese geskrifte gemaak het, is sy uitspraak dat Hy in staat is om die tempel af te breek en 'n ander een wat nie deur mense gemaak is nie, in drie dae te bou (Mark 14:58; 15:29; Matt 26: 61; 27:40). Jesus se kruisdood is derhalwe in die lig hiervan geïnterpreteer. Die instellingswoorde van die nagmaal dui ook hierop (Mark 14:22; 1 Kor 11:24). Paulus dra die verwysing van Jesus dat sy eie liggaam die tempel van God is, oor op die liggaam van die gelowige (o a 1 Kor 3:16-17). Dit is asof Paulus die *in-Christus* (*ἐν χριστῷ / ἐν κυρίῳ / ἐν πνεύματι*) formules in gedagte kon gehad het. Hierdie formules word allerweë beskou as die grond van die Nuwe-Testamentiese kerkbeskouing (kyk Bultmann 1968:312). Om in-Christus te wees beteken om één met sy *liggaam*, dit is sy *kerk* (1 Kor 12:27), te wees (Neugebauer 1961:98).

Dit is daarom nie 'n verassing dat hierdie ekklesiologiese aspek in die Pauliniese tradisie voortgesit is nie. In die vroeg-katolieke periode is daar in lyn met die apostoliese tradisie oorgegaan om na die Christelike geloofsgemeenskap, nou gevestig as *huiskgemeentes*, te verwys as die *huis/tempel van God* (1 Pet 2:5; Ef 2: 21-22). 'n Muur wat skeiding maak (Ef 2:14), soos die voorhangel in die Jerusalemse tempel, bestaan nie meer in hierdie huis nie – dié muur is afgebreek! Nou is die 'onbesnedenes' nie net bywoners of emigrante nie, maar 'medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God' (Ef 2: 19). Hierdie 'heilige tempel' (Ef 2: 21) word gekonstitueer deur die verkondiging (vgl die verwysing na die profete en apostels as die fondament van die huishouding van God – Ef 2: 20). En op grond van dié preekervaring is daar vrye toegang tot die Vader – 'n bestaan, in die Gees, in die teenwoordigheid van God (Ef 2: 18). Ja, 'n 'geestelike huis' is gebou waarin 'God woon' (Ef 2: 22).

Ek het by die punt gekom waar ek meen dat ek toereikend aangetoon het dat my tese oor die verruiming van die tempel dinamiet in die wêreld van die politiek kan wees – veral as 'n mens in ag neem dat ek hierdie sake oor die ophef van die voorbehoud met betrekking tot die toegang tot die geloofsgemeenskap en die tempel binne die kring van die Nederduitsch

Hervormde Kerk vermeld het. Dit is egter my oortuiging dat die relevansie van die teologie vir die maatskappy nie regstreeks van aard is nie. Dit is wel so dat die vraag hoe die Nuwe Testament as 'n versameling antieke dokumente uit die eerste-eeuse Mediterreense wêreld normatief vir die hede is, die dryfkrag is agter feitlik alle Nuwe-Testamentiese eksegeese (vgl Robinson 1976:17). As dit nie so was nie, sou dit volkome onbegryplik wees waarom daar steeds só 'n enorme inset gelewer word. Maar ek meen ook dat ek bevredigend aangetoon het dat die preekgebeure die praktiese gerigtheid van die teoloog behoort te wees.

Meneer, die vise-kanselier en rektor, en meneer, die dekaan, u weet dat die Bybelwetenskap sy selfstandigheid in terme van die Dogmatiek eers aan die begin van die vorige eeu gekry het. Dit is in 'n groot mate te danke aan die insigte van Johann Philipp Gabler (1753-1826). Gabler het tereg die Bybelwetenskap as 'n historiese wetenskap benader. In sy Altdorfse intrede op 30 Maart 1787 het hy 'n program voorgestel wat ook daarop neergekom het dat hy die meer blywende en normatiewe in die Bybel wou identifiseer sodat die Dogmatiese teologie daarop kon voortbou (kyk Saebø 1987:1-16). Die verhouding tussen teorie en praktyk is in die lig hiervan op 'n besondere wyse gedefinieer. Gabler se werkwyse en terminologie is ook aan die filosofiese insigte van Immanuel Kant ontleen (kyk Boers 1979:23). Hierdie bepaalde standpunt met betrekking tot die verhouding tussen teorie en praktyk in die Nuwe-Testamentiese wetenskap is insgelyks die oortuiging wat ek by my voorganger, en *Doctorvater*, prof GMM Pelser, gevind het. My eie program rakende die identifisering van blywende grondmetafore vertoon 'n opvallende kontinuïteit hiermee. Ek vertrou dat dit ook my studente se oortuiging sal word. Metaforiese taal het soos paradoksale taal 'n skokeffek. Maar dit laat 'n mens weer 'n greep op die werklikheid kry. Dit bied ook die openheid om te verskil. Dit laat 'n mens skeppend verder werk. As ek daarin kan slaag om 'n kritiese bewussyn by my studente te kweek, sal hulle in staat wees om na aanleiding van die geïdentifiseerde grondmetafore God in nuwe tye by wyse van nuwe analogiese spreke sinvol en relevant te ken, en dié ervaring in reflektiewe taal verder te kommunikeer. Daar is net een plek waar teorie en praktyk in dié sin van die woord bymekaar uitgebring kan word, en dit is in 'n teologiese fakulteit aan 'n universiteit. Meneer, die vise-kanselier en rektor, en meneer, die dekaan, ek het waardering vir die feit dat u my kon aanbeveel sodat die Raad van die Universiteit van Pretoria my as professor in en hoof van die Departement Nuwe Testament aangestel het.

Meneer, die voorsitter van die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding van die Nederduitsch Hervormde Kerk, die navorsings- en onderrigprogram wat

ek my voorneem, het die kerk as leefruimte nodig. Ek het inderdaad van kindsbeen die kerk as huisgesin ervaar. Soos Schleiermacher sal ek ook kan sê dat sover dit van my afhang, sal ek my nie anders as in die posisie van 'n predikant wil sien nie.

Ten slotte, ek eer my vrou en kinders vir hulle liefde en geduld. Dit is offers wat gebring word. Ek dank God dat ons onder mekaar weet dat God in ons huis by ons inwoon.

Dames en here, kollegas, studente, familie en vriende, dankie vir u teenwoordigheid. 'n Besondere woord van dank aan die personeel van die Administrateur van die Nederduitsch Hervormde Kerk, van die Universiteit van Pretoria en van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria, vir dit alles wat hierdie geleentheid moontlik gemaak het.

### LITERATUURVERWYSINGS

BARTH, K [1952] 1972. *Protestant theology in the nineteenth century: Its background & history*. Transl by B Cozens & J Bowden. London: SCM.

BARTH, K 1982. *The theology of Schleiermacher*. Transl by Bromiley. Edinburgh: T & T Clark.

BERGER, K 1976. Volksversammlung und Gemeinde Gottes: Zu den Anfängen der christlichen Verwendung von 'ekklesia'. *ZThK* 73, 167-207.

BERGER, PL 1977. Secular theology and the rejection of the supernatural: Reflections on recent trends. *Theological Studies* 38, 39-56.

BIETENHARD, H 1977. sv 'Volk'. *TBLNT*.

BOERS, H 1979. *What is New Testament theology? The rise of criticism and the problem of a theology of the New Testament*. Philadelphia: Fortress.

BORG, MJ 1988. A renaissance in Jesus studies. *Theology Today* 45:3, 280-292.

BOTHA, FJ 1989. Die Openbaring aan Johannes, in Van Zyl. AH (hoofred). *Verklarende Bybel*, 361-383. Kaapstad: Lux Verbi.

BREYTENBACH, C 1989. *Versöhnung: Eine Studie zur paulinischen Soteriologie*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag. (WMANT 60.)

BRÜMMER, V 1989. Metaphorical thinking and systematic theology. *NThT* 43/3, 213-228.

- BULTMANN, R [1958] 1968. *Theologie des Neuen Testaments*. 6. Aufl. Tübingen: Mohr.
- CLEMENTS, KW 1987. *Friedrich Schleiermacher: Pioneer of modern theology*. London: Collins. (The Making of Modern Theology. 19th & 20th Century Theological Texts.)
- CONZELMANN, H 1987. *Acts of the apostles*. Philadelphia: Fortress.
- DREYER, PS [1974]. Immanuel Kant en die ideologiese denke van die negentiende eeu. *HTS* 30/3 & 4, 117-128.
- DREYER, PS 1989. Die wysgerige agtergrond van die Hervormde teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria. *HTS* 45, 335-349.
- DU TOIT, CW 1984. Die metaforiese spreke oor God. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- DE VRIES, D 1987. Introduction: Schleiermacher as preacher, in Schleiermacher ([1934-1864] 1987:1-23)
- DE VRIES, H 1988. Theologie en moderniteit, rationaliteit en skepsis. *NThT* 42/1, 21-41.
- EVANS, CA 1989. Jesus' action in the temple: Cleansing or portent of destruction? *CBQ* 51,237-270.
- HOPKINS, J 1989. Nieuwe Godsbeelden: Het experiment van Sallie McFague. *Wending. Tijdschrift voor Evangelie, Cultuur en Samenleving* 44/4, 214-219.
- JEREMIAS, J 1967. *Jesus' promise to the nations*. London: SCM.
- KLEMM, DE 1986. Introduction to Schleiermacher's *The Christian faith*, in *Hermeneutical inquiry, Volume II: The interpretation of existence*, 7-12. Atlanta: Scholars Press. (AAR Studies in Religion 44.)
- KUITERT, HM 1986. *Alles is politiek maar politiek is niet alles: Een theologisch perspectief op geloof en politiek*. 4de Druk. Baarn: Ten Have.
- LAFHEY, AL 1988. A theological construction of Israel's temple. *The Bible Today* 26, 209-214.



- LOADER, JA 1989. Natuur 'n katedraal: Word bewus van God se verhevenheid en eie kleinheid, *Beeld* 17 Oktober 1989.
- MALINA, BJ 1981. *The New Testament world: Insights from cultural anthropology*. Atlanta: John Knox.
- McFAGUE, S 1983. *Metaphorical theology: Models of God in religious language*. London: SCM.
- NEUGEBAUER, F 1961. *In Christus/EN ΧΡΙΣΤΩΙ: Eine Untersuchung zum Paulinischen Glaubensverständnis*. Göttingen: Vandenhoeck.
- NEUSNER, J 1979. *The way of Torah: An introduction to Judaism*. 3rd Edition. North Scituate: Duxbury. (The religious life of man series.)
- NEUSNER, J 1987. 'Israel': Judaism and its social metaphors. *JAAR* LV; 2, 331-361.
- NEUSNER, J 1989a. The absoluteness of Christianity and the uniqueness of Judaism: Why salvation is not of the Jews. *Interp.* 48, 18-31.
- NEUSNER, J 1989b. Money-changers in the temple: The Mishnah's explanation. *NTS* 35, 287-290.
- NIELSEN, JT 1979. *Het Evangelie naar Lucas*. Nijkerk: Callenbach. (PNT.)
- OBERHOLZER, JP 1989. Teologie as wetenskap: Aantekeninge van buite die sistematiese teologie. *HTS* 45, 438-441.
- O'CONNOR, D & JIMENEZ, J 1977. *The images of Jesus: Exploring the metaphors in Matthew's gospel*. Minneapolis: Winston.
- PATTE, D 1987. *The Gospel according to Matthew: A structural commentary on Matthew's faith*. Philadelphia: Fortress.
- PETERS, T 1987. David Tracy: Theologian to an age of pluralism. *Dialog* 26, 298-305.
- PIENAAR, PJHS 1989. Die sondaars in die tyd van Jesus en Paulus. BD-skripsie, Universiteit van Pretoria.
- RICOEUR, P 1975. Biblical hermeneutics. *Semeia* 4, 29-145.
- RICOEUR, P 1978. *The rule of metaphor: Multi-disciplinary studies of the creation of meaning in language*. London: Routledge & Kegan Paul.

- ROBINSON, JM 1976. The future of New Testament theology. *Religious Studies Review* 12, 17-22.
- ROST, L 1938. *Die Vorstufen von Kirche und Synagoge im Alten Testament: Eine wortgeschichtliche Untersuchung*. Stuttgart: Kohlhammer. (BWANT 76.)
- SAEBØ, M 1987. Johann Philipp Gablers Bedeutung für die Biblische Theologie: Zum 200-jährigen Jubiläum seiner Antrittsrede vom 30. März 1787. *ZAW* 99, 1-16.
- SANDERS, EP 1985. *Jesus and Judaism*. Philadelphia: Fortress.
- SCHEFFLER, EH 1988. Suffering in Luke's gospel. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- SCHLEIERMACHER, F [1834-1864] 1987. *Servant of the Word: Selected sermons of Friedrich Schleiermacher*. Transl with and introduc by D de Vries. Philadelphia: Fortress. (Fortress texts in modern theology.)
- SCHMITHALS, W 1982. *Die Apostelgeschichte des Lukas*. Zürich: Theologischer Verlag. (Zürcher Bibelkommentare NT 3,2.)
- SCHRAGE, W 1963. Ἐκκλησία und συναγωγή: Zum Ursprung des urchristlichen Kirchenbegriffs. *ZThK* 60, 178-202.
- SELLIN, G 1982. Allegorie und 'Gleichnis': Zur Formenlehre der synoptischen Gleichnisse, in Harnisch, W (Hrsg), *Die neutestamentliche Gleichnisforschung im Horizont von Hermeneutik und Literaturwissenschaft*, 367-429. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft. (Wege der Forschung 575.)
- SOSKICE, JM 1985. *Metaphor and religious language*. Oxford: Clarendon.
- TRACY, D 1981. *The analogical imagination*. New York: Crossroad.
- VAN SELMS, A 1969. *Jeruzalem door de eeuwen heen: Van vóór koning David tot generaal Dayan*. 2de Druk. Baarn: Hollandia.
- VORSTER, WS 1988. 'Alles is politiek, maar politiek is nie alles nie': Het Kuitert gelyk? *HTS* 44, 917-933.
- VENTER, MA 1989. Schleiermacher in perspektief. BD-skripsie, Universiteit van Pretoria.
- WEINERT, FD 1987. Luke, Stephen, and the temple in Luke-Acts. *Biblical Theology Bulletin* 17, 88-90.

## SUMMARY

Acts 7:48 – ‘The Most High God does not live in constructions built by men ...’: The relevance of New Testament Studies with reference to the metaphor ‘temple’

Since the Kantian revolution metaphysical knowledge has been articulated by influential theologians in the language of analogy. In accordance with this tradition the relevance of New Testament Studies is explored by studying root metaphors found in the New Testament. A root metaphor in theological sense can be defined as the most basic assumption we can make about the nature of man’s existence and experience before God, when we endeavour to define this existence and experience. Furthermore, root metaphors do have durative and explanatory power. The aim of this inauguration sermon is to describe the relevance of New Testament Studies today by exploring the metaphor found in the New Testament, and rooted in the Old Testament, that God does live in houses, but not houses built by men. The conclusion is that man’s existence in the presence of God is experienced in the Christian believing community, and especially in the activity of preaching the Jesus-events.

## PUBLIKASIES IN DIE REEKS VAN DIE UNIVERSITEIT

1. "Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte" – Dr P C Coetzee
2. "Die Aard en Wese van Sielkundige Pedagogiek" – Prof B F Nel
3. "Die Toenemende belangrikheid van Afrika" – Adv E Louw
4. "Op die Drumpel van die Atoomeeu" – Prof J H v d Merwe
5. "Livestock Philosophy" – Prof J C Bonsma
6. "The Interaction Between Environment and Heredity" – Prof J C Bonsma
7. "Verrigtinge van die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging" – Julie 1985
8. "Aspekte van die Prysbeheersingspolitiek in Suid-Afrika na 1948" – Prof H J J Reynders
9. "Suiwelbereiding as Studieveld" – Prof S H Lombard
10. "Die toepassing van fisiologie by die bestryding van Insekte" – Prof J J Mathee
11. "The Problem of Methaemoglobinaemia in man with special reference to poisoning with nitrates and nitrites in infants and children" – Prof D G Steyn
12. "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex", Part I – Dr C J Liebenberg
13. "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex, Part II. The Different Rock Types" – Dr C J Liebenberg
14. "Protective action of Fluorine on Teeth" – Prof D G Steyn
15. "A Comparison between the Petrography of South African and some other Palaeozoic Coals" – Dr C P Snyman
16. "Kleinveekunde as vakrigting aan die Universiteit van Pretoria" – Prof D M Joubert
17. "Die Bestryding van Plantsiektes" – Prof P M le Roux
18. "Kernenergie in Suid-Afrika" – Prof A J A Roux
19. "Die soek na Kriteria" – Prof A P Grové
20. "Die Bantoetaalkunde as beskrywende Taalwetenskap" – Prof E B van Wyk
21. "Die Statistiese prosedure: teorie en praktyk" – Prof D J Stoker
22. "Die ontstaan, ontwikkeling en wese van Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie" – Prof P C Snijman
23. "Freedom – What for?" – Prof D G Steyn
24. "Once more – Fluoridation" – Prof D G Steyn
25. "Die Ken- en Werkwêreld van die biblioteekkunde" – Prof P C Coetzee
26. "Instrumente en Kriteria van die Ekonomiese Politiek n.a.v. Enkele Ondervindinge van die Europese Ekonomiese Gemeenskap" – Prof J A Lombard
27. "The Trace elements of the Rocks of the Alkali Complex at Spitskop, Sekukuniland, Eastern Transvaal" – Dr C J Liebenberg
28. "Die Inligtingsprobleem" – Prof C M Kruger
29. "Second Memorandum on the Artificial Fluoridation of Drinking Water Supplies" – Prof D G Steyn
30. "Konstituering in Teoreties-Didaktiese Perspektief" – Prof F van der Stoep
31. "Die Akteur en sy Rol in sy Gemeenskap" – Prof Anna S Pohl

32. "The Urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal" – Dr D Page
33. "Die Ontwikkeling van Publieke Administrasie as Studievak en as Profesie" – Prof J J N Cloete
34. "Duitse Letterkunde as Studievak aan die Universiteit" – Prof J A E Leue
35. "Analitiese Chemie" – Prof C J Liebenberg
36. "Die Aktualiteitsbeginsel in die Geologiese navorsing" – Prof D J L Visser
37. "Moses by die Brandende Braambos" – Prof A H van Zyl
38. "A Qualitative Study of the Nodulation Ability of Legume Species: List 1" – Prof N Grobbelaar, M C van Beyma en C M Todd
39. "Die Messias in die saligsprekinge" – Prof S P J J van Rensburg
40. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1963/1964
41. "Universiteit en Musiek" – Prof J P Malan
42. "Die studie van die Letterkunde in die Bantoetaal" – Prof P S Groenewald
43. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1964/1965
44. "Die Drama as Siening en Weergawe van die Lewe" – Prof G Cronjé
45. "Die Verboude Grond in Suid-Afrika" – Prof D G Haylett
46. "’n Suid-Afrikaanse Verplegingscredo" – Prof Charlotte Searle
47. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1965/1966
48. "Op soek na Pedagogiese Kriteria" – Prof W A Landman
49. "Die Romeins-Hollandse Reg in Oënskou" – Prof D F Mostert
50. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1966/1967
51. "Inorganic Fluoride as the cause, and in the prevention and treatment of disease" – Prof Douw G Steyn
52. "Honey as a food and in the prevention and treatment of disease" – Prof D G Steyn
53. "A check list of the vascular plants of the Kruger National Park" – Prof H P van der Schijff
54. "Aspects of Personnel Management" – Prof F W Marx
55. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1967/1968
56. "Sport in Perspektief" – Prof J J Botha
57. "Die Huidige Stand van die Gereformeerde Teologie in Nederland en ons Verantwoordelikheid" – Prof J A Heyns
58. "Onkruid en hul beheer met klem op chemiese beheer in Suid-Afrika" – Prof P C Nel
59. "Die Verhoudingstrukture van die Pedagogiese Situasië in Psigopedagogiese Perspektief" – Prof M C H Sonnekus
60. "Kristalhelder Water" – Prof F A van Duuren
61. "Arnold Theiler (1867—1936) – His life and Times" – Dr Gertrud Theiler
62. "Dr Hans Merensky – Mens en Voorbeeld" – Prof P R Skawran
63. "Gesiedenis as Universiteitsvak in Verhouding tot ander Vakgebiede" – Prof F J du Toit Spies
64. "Die Magistergraadstudie in Geneeskundige Praktijk (M Prax Med) van die Universiteit van Pretoria" – Prof H P Botha
65. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1968/1969

66. "Kunskritiek" – Prof F G E Nilant
67. "Anatomie – 'n Ontleding" – Prof D P Knobel
68. "Die Probleem van Vergelyking en Evaluering in die Pedagogiek" – Prof F J Potgieter
69. "Die Eenheid van die Wetenskappe" – Prof P S Dreyer
70. "Aspekte van die Sportfisiologie en die Sportwetenskap" – Dr G W v d Merwe
71. "Die rol van die Fisiologiese Wetenskappe as deel van die Veterinêre Leerplan" – Prof W L Jenkins
72. "Die rol en toekoms van Weidingkunde in Suid-Afrika Ekosisteme" – Prof J O Grunow
73. "Some Problems of Space and Time" – Mnr K A Schrecker
74. "Die Boek Prediker – 'n Smartkreet om die Gevalle Mens" – Prof J P Oberholzer
75. Titels van Proefskrifte en Verhandeling ingedien gedurende 1969/1970; 1970/1971 en 1971/1972
76. "Die Akademiese Jeug is vir die Sielkunde meer as net 'n Akademiese Onderwerp" – Prof D J Swiegers
77. "'n Homiletiese Herwaardering van die Prediking vanuit die Gesigshoek van die Koninkryk" – Prof J J de Klerk
78. "Analise en Klassifikasie in die Vakdidaktiek" – Prof C J van Dyk
79. "Bantoereg: 'n Vakwetenskaplike Terreinverkenning" – Prof J M T Labuschagne
80. Dosentekursus 1973 – Referate gelewer tydens die Dosentekursus 30 Jan - 9 Feb 1973
81. "Volkekunde en Ontwikkeling" – Prof R D Coertze
82. "Opleiding in Personeelbestuur in Suid-Afrika" – Prof F W Marx
83. "Bakensyfers vir Diereproduksies" – Prof D R Osterhoff
84. "Die Ontwikkeling van die Geregtelike Geneeskunde" – Prof J Studer
85. "Die Liggaamlike Opvoedkunde: Geesteswetenskap?" – Prof J L Botha
86. Dosentekursus: 1974 – Referate gelewer tydens die Dosentekursus 4 - 7 Feb 1974
87. "Die opleiding van die mediese student in Huisartskunde aan die Universiteit van Pretoria" – Prof H P Botha
88. "Opleiding in bedryfseconomie in die huidige tydvak" – Prof F W Marx
89. "Swart arbeidsregtelike verhoudings, quo vadis?" – Prof S R van Jaarsveld
90. "The Clinical Psychologist: Training in South Africa". A report on a three-day invitation conference: 11 - 13 April 1973
91. "Studie van die Letterkunde in die Taalonderrig" – Prof L Peeters
92. "Gedagtes rondom 'n Kontemporêre Kerkgeskiedenis – met besondere verwysing na die Nederduits Gereformeerde Kerk" – Prof P B van der Watt
93. "Die funksionele anatomie van die herkouermaag-vorm is gekristalliseerde funksie" – Prof J M W le Roux
94. Dosentekursus 1975 – Referate gelewer tydens die Dosentekursus 27 Januarie - 6 Februarie 1975
95. "'n Nuwe benadering tot die bepaling van die koopsom in die geval van 'n oorname" – Prof G van N Viljoen
96. "Enkele aspekte in verband met die opleiding van veekundiges" – Prof G N Louw

97. "Die Soogdiernavorsingsinstituut 1966 - 1975"
98. "Prostetika: 'n doelgerigte benadering" - Prof P J Potgieter
99. "Inligtingsbestuur" - Prof C W I Pistorius
100. "Is die bewaring van ons erfenis ekonomies te regverdig?" - Dr Anton Rupert
101. "Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie - Verlede, Hede en Toekoms" - Prof J D Duvenhage
102. "Keel-, Neus- en Oorheelkunde - Hede en Toekoms" - Prof H Hammersma
103. Dosentesimposia 1975
104. "Die Taak van die Verpleegonderwys" - Prof W H Kotzé
105. "Quo Vadis, Waterboukunde?" - Prof J P Kriel
106. "Geregtelike Geneeskunde: Die Multidissiplinêre Benadering" - Prof J D Loubser
107. "Huishoudkunde - Waarheen?" - Prof E Boshoff
108. Dosentekursus 1976 - Referate gelewer tydens die Dosentekursus 29 Januarie - 4 Februarie 1976
109. Tweede H F Verwoerd-gedenklesing gehou deur die Eerste Minister Sy Edele B J Vorster
110. Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1972/73: 1973/74 en 1974/75 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1975
111. "Ortodonsie - 'n Oorsig en waardebeplanning" - Prof S T Zietsman
112. "Rede gelewer by die ingebruikneming van die Nuwe Kompleks vir die Tuberkulosenavorsingseenheid van die MNR" - Prof H W Snyman
113. "Die gebruik van Proefdiere in Biomediese Navorsing, met Spesiale Verwysing na Eksperimentele Chirurgie" - Prof D G Steyn
114. "Die Toekoms van die Mynboubedryf in Suid-Afrika" - Prof F O Leiding
115. "Van Krag tot Krag" - Dr Anton Rupert
116. "Carnot, Adieu!" - Prof J P Botha
117. "'n Departement van Hematologie - Mode of Noodsaak" - Prof K Stevens
118. "Farmaka en Farmakologie: Verlede, Hede en Toekoms" - Prof De K Sommers
119. "Opleiding en Elektroniese Ingenieurswese - Deurbraak of Dwaling?" - Prof L van Biljon
120. "Die Röntgendiagnostiek voor 'n Nuwe Uitdaging - die Toegepaste Fisiologie" - Prof J M van Niekerk
121. "Die Algemene Sisteemteorie as Uitgangspunt by die Beplanning van 'n Basiese Biblioteek- en Inligtingkundige Opleidingsprogram" - Prof M C Boshoff
122. Dosentekursus: 1977
123. "Hulpverlening aan kinders met leerprobleme" - Prof P A van Niekerk
124. "Tuinboukunde Quo Vadis" - Prof L C Holtzhausen
125. "Die plek en toekomstaak van 'n Departement Huisartskunde in 'n Fakulteit van Geneeskunde" - Prof A D P van den Berg
126. Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1975/76 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1976

127. "Landbouvoorligting by die kruispad - Uitdagings vir Agrariese Voorligting as Universiteitsdepartement" - Prof G H Düvel
128. "Die ontplooiing van Rekenaarwetenskap as 'n funksie van evolusie op Rekenaargebied" - Prof R J van den Heever
129. "Die rol van navorsing in die opleiding en ontwikkeling van die akademiese chirurg" - Prof C J Mieny
130. "Sport and Somatology in Ischaemic Heart Disease" - Prof P J Smit
131. Dosentekursus 1978
132. "'n Beter Toekoms" - Dr Anton Rupert
133. Toespraak gelewer by geleentheid van die Lentepromosieplegtigheid van die Universiteit van Pretoria op 8 September 1978 - Mnr J A Stegman, Besturende Direkteur van Sasol
134. "Geologie in 'n toekoms van Beperkte Hulpbronne" - Prof G von Gruenewaldt
135. Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1976/77 en wetenskaplike publikasies van personeelle vir die twaalf maande eindigend op 15 November 1977
136. "Die Kind met Spesifieke Leergestremdhede" - Proff P A van Niekerk en M C H Sonnekus
137. "Sensore en Tensore" - Prof N Maree
138. "Die Godsdienswetenskappe en die Teologie" - Prof P J van der Merwe
139. "Dierefisiologiese navorsing aan die Universiteit van Pretoria (1928 - 1978)" - Prof J F W Grosskopf
140. Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1977/78 en wetenskaplike publikasies van personeelle vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1978
141. "Behoeftebepaling en doelformulering in die Opvoeding, Onderwys en Opleiding" - Prof E J Potgieter
142. "Klein sake is 'Grootsake'" - Dr Anton Rupert
143. "Die Pad Vorentoe" - Prof W E G Louw
144. Referate gelewer tydens die jubileumjaarviering - Prof P S Dreyer
145. "Die gebruikmaking van Kies-en-keur in invulvraestelle" - lesing gelewer tydens 'n kursus vir dosente op 19 en 20 April 1979 en 22 en 23 Oktober 1979
146. "Survey of Disease Patterns in Transkei and the Ciskei" - E Rose, W G Daynes en P J Kloppers
147. "Die Ortopedagogiek as Praktykgerigte Pedagogiekperspektief" - Prof P A van Niekerk
148. "Die rol van Kernkrag gesien teen die agtergrond van die energietekort in die wêreld" - Dr A J A Roux
149. "Exchange lists for elected Protein Diets" - Mev J M Crous
150. "Die Universiteit van Pretoria se bydrae tot die Dierefisiologiese Vakliteratuur (1930 - 1980)" - J F W Grosskopf, J D Skinner en S Christa Daffue
151. "Professors' Dilemma. Problems, Polemics and Politics in University Departments of English" - Prof P J H Titlestad
152. "Ortopedie, Die Ortopeed en die mens" - Prof R P Gräbe




153. "Die rol van Fisika in die moderne gemeenskap" – Prof E K H Friedland
154. "Interne Geneeskunde: Wetenskap en Kuns" – Prof G P Human
155. "Die opleiding van Chemiese Ingenieurs in Suid-Afrika" – Prof U Grimsehl
156. "Doelwitte vir Musiekopleiding" – Prof S Paxinos
157. "Die stand van die Beeldende Kuns in Suid-Afrika" – Prof N O Roos
158. "Op die spoor van die Onsigbare Lig" – Prof S F Prinsloo
159. "Beroepsoriënteringspedagogiek gereël deur die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria as deel van die Halfeeufeesviering 12 tot 14 Augustus 1980 – Onder redaksie van Prof C J Joubert
160. "Die selfbeeld van die Sosiologie en Sosioloë" – Prof J S Oosthuizen
161. "Onderwysopleiding – 'n Didakties-Pedagogiese en Vakdidaktiese beskouing" – Prof W J Louw
162. "Die teenwoordigheid van Christus in die Erediens" – Prof A C Barnard
163. "Die Stand en taak van Geesteswetenskaplike Navorsing in die RSA" – Prof J G Garbers
164. "Die betekenis van die Regsfilosofie vir Regsnavorsing en Regspleging" – Prof J V van der Westhuizen
165. Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1978-1979 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1979
166. "Die verskynsel van Spesialisering by insekte en entomoloë" – Prof F Holm
167. "Fiftieth Anniversary Lectures": University of Pretoria – August - September 1980 – George D Yonge
168. "Kindergeneeskunde in die jaar 2000" – Prof R E Cronje
169. "Praktiese Regsopleiding in die Akademie" – Prof C F Eckard
170. "Proceedings of the Symposium on Controversies in Surgery" – Edited by Prof C J Miemy
171. "The Psychic Life of the Child with Specific Learning disabilities" – Prof M C H Sonnekus
172. "B F Nel Herdenkingsrede – Universiteit van Pretoria" 12 Augustus 1981 – Prof E A van Trotzenburg
173. "Statistiek en die statistikus in diens van die gemeenskap" – Prof H S Schoeman
174. "Menslike Anatomie – basiese geneeskundige vak" – Prof I J M van Niekerk
175. "Môre se uitdaging vir die Suid-Afrikaanse Mynboubedryf" – Prof A N Brown
176. Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1979-80 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15/11/1980
177. "Leiding aan Magister en Doktorale studente" – Prof W A Landman
178. "Steekproefneming in die Praktyk" – Prof D G Stoker
179. "Bestuur – Wetenskap of Kultuur?" – Dr A Rupert
180. "Uitdagings wat nuwere tendense aan die Universiteitsbiblioteekwese stel" – Die departement Biblioteek- en Inligtingkunde en die biblioteekdiens van die Universiteit van Pretoria
181. "Liggaamsbeweging en die Mens in Wording" – "Physical movement and the

- Becoming of Man" – Onder redaksie van/edited by Prof J L Botha en/and Prof P J Smit
182. "Kriminologie 2000" – Prof D G Steyn
  183. "'A Horse! A Horse! My Kingdom for a Horse!'" – Prof M M S Smuts
  184. "Die bydrae van Mondpatologie tot die Geneeskunde" – Prof A J Ligthelm
  185. "Lectures on Philosophical Hermeneutics" – Prof Dr Hans-Georg Gadamer
  186. "Inhoudigingsrede van Vise-Kanselier en Rektor" – Prof D M Joubert
  187. "Uitdagings vir 'n Ginekologie en Obstetrie Departement in die ruimte-eeu" – Prof J V van der Merwe
  188. "Die uitdaging van Elektriese Ingenieurswese in Suid-Afrika" – Prof N Wessels
  189. Titels van proefskrifte en verhandelinge ingedien gedurende 1980/81 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1981
  190. "Die belangrikheid van Periodonsie en Mondgeneeskunde in Tandheelkunde" – Prof J A Pretorius
  191. "Strategieë vir die implementering van navorsingsbevindinge in die Geesteswetenskappe" – Dr J G Garbers
  192. "Gesprekke oor die wiskunde" – Onder redaksie van Prof P J Zietsman
  193. "Gemeenskapsgesondheid: 'n Nuwe Naam en 'n Nuwe Benadering" – Prof A M Coetzee
  194. "Vrees dat die Wonderboom sal ... (val)?" (J C Steyn) – Prof Réna Pretorius
  195. "Evaluering van die hedendaagse beroepsoriënteringsteorie en -praktyk" – Prof C J Joubert
  196. "Magskonsentrasie! Voor- en Nadele" – Dr A E Rupert
  197. "Waarom Chemie?" – Prof A Wiechers
  198. "Biblioteek- en Inligtingkunde: Quo Vadis?" – Prof J A Boon
  199. "B.F. Nel-Gedenklesing" – Prof F van der Stoep
  200. "Die opleiding van navorsers in die Geesteswetenskappe" – Dr J G Garbers
  201. "'n Konteks vir die Argitektuur" – Onder redaksie van Prof D Holm
  202. "Wiskunde in diens van die gemeenskap" – Prof J Swart
  203. "Die moderne staatkunde in die Republiek van Suid-Afrika" – Prof F L Ackron
  204. "Wetmatigheid en Meganiese Ingenieurswese" – Prof P C Haarhoff
  205. "Gesoeke: Die nuwe Entrepreneur" – Dr R E Rupert
  206. "Kernreaksies van 'n ander aard" – Prof L Visser
  207. "Lifestyle and disease". Symposium of the Hans Snyckers Institute
  208. "Verpleegkunde in perspektief: Graadopleiding aan die Universiteit van Pretoria" – Prof J G P van Niekerk
  209. "Onderwysvernuwing: 'n Onvermybare Opgaaf" – Prof M J Bondesio
  210. "Die Siviele Ingenieursdosent in diens van ..." – Prof A W Rohde
  211. "Kontemporêre uitdagings aan Universiteite in die akademiese voorbereiding van openbare Administrateurs" – Prof P S Botes
  212. "Historia Augusta. Knolskrywer(s) ... of knollesers ... of knolle vir lesers" – Prof J Scholtemeijer
  213. "Kennis – Graaf en Swaard" – Prof P A Fourie

214. "Die kreatiewer aanwending van Volksmusiek" – Prof C E Lamprecht
215. "Die nouetiese beraad: Bybels of Bibliisities" – Prof T F J Dreyer
216. "Ortodonsie: 'n Oorsig" – Prof J J G G de Mùelenaere
217. "Inhuldigingsrede van Kanselier – Sy Edele A L. Schlebusch
218. "Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie en Gesplete gesigsdeformiteite in Perspektief" – Prof Kurt W Bütow
219. "Ewewig: Stilte en Storm" – Prof J G Swart
220. "Departement Geneeskunde – die verlede – die hede en die toekoms" – Prof P Bland-Van den Berg
221. "Die Deurbreking van Isolasië tussen Wetenskapkulture" – Dr J G Garbers
222. "Van die RGN-Onderwysondersoek tot witskrif en wetgewing – Navorsingsoorwegings" – Dr J G Garbers
223. "Diagnostiek en Röntgenologie – 'n uitdaging" – Prof J E Seeliger
224. "Geweld in die samelewing" – Prof S I du Toit
225. "Kernkrag: 'n Vredesreis" – Prof M P Iturralde
226. "Veterinêre Volksgesondheid – vakgebied of beroepstaak?" – Prof L W van den Heever
227. "Vakkurikulum: Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie" – Prof K W Butow
228. "Gemeenskapsgesondheid: Gesondheidsrealiteite en die verantwoordelikhede van 'n Universiteit" – Prof E Glatthaar
229. "Bestuursopleiding in Perspektief" – Prof L M Brümmer
230. "Fisiologie – struktuur en funksie" – Prof J J Theron
231. "Opvoeding en Onderwys onder maatskaplike druk" – Prof J W M Pretorius
232. "Wysbegeerte en die Universiteit" – Prof A P du Toit
233. "Hoekstene" – Prof D Holm
234. "Akademiese Gesindheid, die Dierekundige en die belangrikheid van Navorsing" – Prof J D Skinner
235. "Maatskaplikewerk – opleiding: Struktuur en Perspektief" – Prof E A K Hugo
236. "Dilektereg 1985 – 'n besinning oor teorie, praktyk en onderrig" – Prof T J Scott
237. "Die stand van mikologie in Suid-Afrika" – Prof A Eicker
238. "Uitdagings vir die SA historikus" – Prof I S Bergh
239. "Ad Destinatam Persequor: 'n Toekomstvisie vir die Dept Skoolvoortligting" – Prof C D Jacobs
240. "Veeartsenykundige anatomie – 'n Historiese oorsig" – Prof A J Bezuidenhout
241. "Personeelbestuur: 'n Janus – Perspektief" – Prof L P Vermeulen
242. "Die Aard van Denkhandelinge en die rol daarvan in Onderrig en Leer" – Publikasie van die B.F. Nel-Gedenklesing – Prof J J de Wet
243. "Op Weg met Bybelkunde aan die Universiteit van Pretoria" – Prof P P A Kotze
244. "Die Ou Testament, 'n Verouderde boek? – Enkele gedagtes na aanleiding van Psalm 15" – Prof W S Prinsloo
245. "Inhuldigingsrede van Kanselier" – Dr A E Rupert
246. "Anatomie: Die Immergroen Vakgebied" – Prof J S Meiring
247. "Opleiding in Ingenieurswese: Ideaal en Werklikheid" – Prof J A G Malherbe
248. "Elektriese Energie 'n Voorvereiste vir Welvaart" – Prof J H R Enslin

249. "Sendingwetenskap Waarheen?" – Prof D Crafford
250. "Landbou-Ingenieurswese op die Wen-Akker van die Een en Twintigste eeu"  
– Prof G Venter
251. "Kriminologie en Sosiale Verandering: 'n Toekomspektief" – Prof Ronelle Pretorius
252. "Hoëvlak Bestuursopleiding in Suider-Afrika – Standpunte, Probleme en Geleenthede" – Prof M J C van Vuuren
253. "Dogmatiek binne Kofessionele Verband" – Prof J H Koekemoer
254. "Semitiese Tale – Verlede, Hede en Toekoms" – Prof J H Potgieter
255. "Die Missie van die Leerstoel in Versekeringswese" – Prof G L Marx
256. "Bourekennkunde – 'n Introspeksie – Prof H M Siglé.
257. "Bybelkunde: Is die studieveld vanselfsprekend?" – Prof W Vosloo.
258. "Geïntegreerde Omgewingsbestuur. 'n Oplossing vir die Ontwikkelings-  
bewaringskonflik in S.A." – Prof W F van der Riet



Universiteit van Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
NUWE REEKS NR 259 – 1989  
ISBN 0 86979 763 VIII  
PRYS: R11.60

Hierdie publikasie en die publikasies wat hierin vermeld word, is verkrygbaar van:

VAN SCHAIK'S BOEKHANDEL (EDMS) BPK  
BURNETTSTRAAT 1096  
HATFIELD  
0083